

Om Van den vos reynaerde in Afrikaans te vertaal: Uitdagings en moontlike oplossings - Henning Pieterse

In die loop van 2020 het ek Van den vos reynaerde in Afrikaans vertaal en in 2021 die vertaling berym. In hierdie referaat verskaf ek 'n "verslag uit die werkwinkel" oor die vertaling en beryming van hierdie immer gewilde en steeds springlewendige teks. (Die teks word tans persklaar gemaak, met 'n Inleiding deur C.H.F. (Heinrich) Ohlhoff.)

Ná die aanvanklike vertaling het ek gefokus op klanklike aspekte ter wille van die volgehoue paarrym oor 3469 reëls heen. Daarna het die fokus verskuif na metries-ritmiese aspekte.

Verskeie probleme staan die (Afrikaanse) vertaler in die gesig met so 'n onderneming: naamgewing (van mens, dier en plek, asook seksuele konnotasies in die name); aanspreekvorme; woordorde in Middelnederlands teenoor dié in Afrikaans; ontkeningsvorme in beide Middelnederlands en Afrikaans; die imperfektum, veral met betrekking tot swak werkwoorde in Middelnederlands; tussenwerpsels; Middeleeuse en hoofse simboliek en sosiale kodes (byvoorbeeld die status van die paap/pastoor/priester); die hantering van sadistiese geweld teenoor diere; die vertaling van hendiadis; om enkele kwessies te noem. (Van hierdie kwessies word uiteindelik by wyse van voetnote in die teks hanteer.)

Telkens sal enkele van hierdie probleme uitgelig word deur parallelle uittreksels (in Middelnederlands en Afrikaans) as voorbeelde en moontlike oplossings voor te hou en kortliks te bespreek.

Met die vertaling het ek gepoog om sowel die Middeleeuse en hoofse sfeer te behou, as om die kontemporêre Afrikaanse of Nederlandse leser by daardie sfeer te betrek, sonder om noodwendig blindweg te wil "moderniseer" of "domestikeer".